| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 10 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings en dek die volgende **TWEE** onderwerpe: **BESIGHEIDSGELEENTHEDE** en **BESIGHEIDSROLLE**.

   **AFDELING A:** AL die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.

   **AFDELING B:** Bestaan uit **DRIE** vrae. Een vraag per onderwerp en ’n kombinasievraag wat beide onderwerpe dek.
   **Beantwoord enige TWEE vrae.**

   **AFDELING C:** Bestaan uit **TWEE** vrae, een uit elke onderwerp.
   **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Alle antwoorde moet in volsinne wees behalwe waar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van die vraag om die lengte en diepte van ’n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ’n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| **AFDELING** | | **VRAAG** | **PUNTE** | **TYD (minute)** |
|---|---|---|---|---|
| **A** | Meervoudigekeuse, voltooi die stelling en bypassende vrae **VERPLIGTEND** | 1 | 30 | 30 |
| **B** | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE**: Beantwoord enige **TWEE** | 2–4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| **C** | Opstel-tipe vrae **KEUSE**: Beantwoord enige **EEN** | 5–6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

# AFDELING A: VERPLIGTEND

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.11 B.

1.1.1 Joe, die aanbieder, het die terugvoersessie professioneel hanteer toe hy …

A die persoon aangespreek het en nie die vraag nie.

B ’n opmerking van die gehoor geïgnoreer het.

C beleefd op ’n vraag gereageer het.

D op ’n vraag gereageer het sonder om te luister.

1.1.2 Kings Haven Versekeraars het die beginsel van … toegepas toe hulle Joss Handelaars vergoed het vir verliese wat gely was weens ’n inbraak.

A uiterste goeie trou

B versekerbare belang

C sekuriteit

D subrogasie

1.1.3 Klere in Nood Bpk het … geïdentifiseer as een van hul fokusareas vir korporatiewe maatskaplike investering (KMI).

A diensbillikheid

B gesondheid en veiligheid

C sake-etiek

D landelike ontwikkeling

1.1.4 ’n Grieweprosedure vereis dat ’n gegriefde werknemer die saak eers by sy/haar … aanmeld.

A winkelopsiener

B vakbond

C medewerker

D toesighouer

1.1.5 Hierdie vorm van belegging vereis ’n minimum bedrag van R1 000 om belê te word en mag nie R5 miljoen oorskry nie:

A Vaste deposito’s

B Aandele

C RSA-Kleinhandelspaareffekte

D Effektetrusts

1.1.6 Die vermoë van ’n individu om sy/haar volgelinge binne ’n organisasie te beïnvloed en te lei, staan bekend as ...

A kreatiwiteit.

B leierskap.

C bestuur.

D roetine denke.

1.1.7 ’n Strategie om ’n wye verskeidenheid mense in te sluit wat moontlik gemarginaliseer of uitgesluit is van die werkplek:

A Menseregte

B Inklusiwiteit

C Regstellende aksie

D BBSEB

1.1.8 Hierdie vorm van eienaarskap vereis nie wetlike bepalings rakende die naam daarvan nie.

A Alleeneienaarskap

B Beslote korporasie

C Persoonlike-aanspreeklikheidmaatskappy

D Privaat maatskappy

1.1.9 ’n Voorbeeld van ’n tipe onetiese sakepraktyk is wanneer ‘n besigheid ...

A van aktiwiteite soos prysvastelling en samespanning, wegbly.

B chemiese afval, wat dit nie kan bekostig om reg weg te gooi nie, stort.

C sy produkte weens potensiële gevaar, van die mark herroep.

D met die finansiele verslagdoening aan belanghebbendes, deursigtig is.

© SACAI KOPIEREG

1.1.10 Besighede gebruik die … wanneer hulle ’n span kundiges aanstel om hulle te help om komplekse sakeprobleme op te los.

A Delphi-tegniek

B dinkskrum

C nominale groeptegniek

D gedwonge kombinasietegniek (10x2)(20)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) hieronder gelys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| byvoordeel; privaatheid; besluitneming; misleidende; grafieke; onbillike; tabelle; verpligtend; probleemoplossing; inligting |

1.2.1 Rashid gebruik … om verkoopsyfers in kolomme te vertoon vir sy aanbieding aan die bestuur.

1.2.2 Die werkloosheidsversekeringsfonds word ook as ’n ... voordeel beskou.

1.2.3 Roxy Incorporated respekteer die werknemers se reg op … deur nie hul persoonlike inligting aan ander besighede te verskaf nie.

1.2.4 ’n Voorbeeld van … advertensie word gedemonstreer wanneer ’n advertensie sommige dele van die bevolking uitsluit.

1.2.5 Die … proses is wanneer verskeie alternatiewe oorweeg word voordat die beste oplossing gekies word. (5x1)(5)

1.3 Kies die beskrywing uit Kolom B wat by die term in Kolom A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5), in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K .

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Korporatiewe maatskaplike investering | A | Volgelinge het maksimum vryheid en kan onafhanklik werk omdat die leier hulle vertrou. |
| 1.3.2 | Charismatiese leierskapstyl | B | Stel besighede in staat om lenings van beleggers te maak. |
| 1.3.3 | Nominale-groeptegniek | C | Die doel is om die lewenstandaard in gemeenskappe te verhoog. |
| 1.3.4 | Skuldbriewe | D | Besighede te lei oor hoe om moeilike werknemers te identifiseer om afleidings uit te skakel. |
| 1.3.5 | Spandinamikateorieë | E | Spanlede genereer stilweg idees op hul eie voordat hulle dit met ander groeplede deel. |
| | | F | Die doel is om die onderneming se etiese praktyke te verander. |
| | | G | Besighede lei oor hoe om take volgens die rolle van spanlede toe te ken. |
| | | H | Volgelinge is hardwerkend en gemotiveerd omdat die leier energiek en oortuigend is. |
| | | I | Stel besighede in staat om by te dra tot 'n informele spaarskema. |
| | | J | Spanlede word aangemoedig om met nuwe en innoverende oplossings vorendag te kom. |

(5x1)(5)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige DRIE leierskapstyle. (3)

2.2 Identifiseer die tipe voorkeuraandeel wat deur Konstruksie Bpk aan aandeelhouers aangebied word in ELKE stelling hieronder.

2.2.1 Vorige dividende wat weens lae winste nie uitbetaal is nie, sal nie vergoed word nie.

2.2.2 Aandeelhouers is geregtig om in enige surpluswins van die maatskappy te deel. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**YAZEE HANDELAARS (YH)**

Yazee Handelaars het hul besigheidsvoertuig by Prysversekeraars vir R600 000 verseker terwyl die werklike waarde R800 000 is. Die voertuig was in ’n ongeluk betrokke, wat skade tot ’n bedrag van R60 000 tot gevolg gehad het. Prysversekeraars sal slegs YH betaal vir skade in verhouding tot die versekerde waarde.

2.3.1 Noem die versekeringsklousule wat van toepassing is op YH in die scenario hierbo. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit die scenario hierbo. (3)

2.3.2 Bereken die bedrag wat YH van die versekeraar sal ontvang as vergoeding vir skade wat aangerig is. Toon ALLE bewerkings. (4)

2.4 Verduidelik die voordele van versekering vir besighede. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MAXWELL SPYSENIERING (MS)**

Maxwell Spyseniering verkoop spysenieringstoerusting regoor die wêreld en hul werknemers is gedwing om van die huis af te werk ná Covid-19. MS se jaarlikse samekoms is via webkamera gehou om die koste om aangesig-tot-aangesig te ontmoet, te verminder.

2.5.1 Identifiseer die visuele hulpmiddel wat deur MS in die scenario hierbo gebruik word. (2)

2.5.2 Bespreek die impak van die visuele hulpmiddel wat in VRAAG 2.5.1 geïdentifiseer is. (6)

2.6 Bespreek die rol van persoonlike gesindheid in suksesvolle leierskap. (6)

2.7 Beveel aspekte aan wat in ag geneem moet word tydens die voorbereiding vir ’n suksesvolle aanbieding. (6)

**[40]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige DRIE sosiale regte van werknemers in die werkplek. (3)

3.2 Brei kortliks uit oor die betekenis van *kommunikasie* as een van die kriteria vir suksesvolle spanprestasie. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **LINDSEY ONTWERPERS (LO)** |
|---|
| Die bestuur van Lindsey Ontwerpers wil die logo van hul besigheid verander. Hulle het die werknemers gevra om die voor- en nadele van die voorgestelde verandering te evalueer. Werknemers is aangemoedig om kreatiewe denkvaardighede toe te pas wanneer hulle die verandering bespreek. |

3.3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur LO toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.4 Bespreek maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hul werknemers te verbeter. (6)

3.5 Verduidelik hoe besighede die misbruik van werktyd as 'n onprofessionele sakepraktyk kan hanteer. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| **LIZANDA DRUKKERS (LD)** |
|---|
| Lizanda Drukkers prioritiseer nie hul finansiële winste ten koste van die gemeenskap wat hulle dien nie. Hulle verkies om in gemeenskappe te werk wat nie ekonomies aktief is nie. LD ondersteun ook eko-vriendelike prosesse wanneer hulle op verskeie materiale druk. |

Identifiseer TWEE drievoudige sleutelaspekte wat op LD van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die ONDERSTAANDE tabel as riglyn om VRAAG 3.6 te beantwoord.

| DRIEVOUDIGE SLEUTELASPEKTE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.7 Adviseer besighede oor hoe hulle armoede as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige DRIE voorbeelde van nie-versekerbare risiko's. (3)

4.2 Brei kortliks uit oor die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE). (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **WAYNE VERVAARDIGERS (WV)** |
|---|
| Samuel is 'n nuut aangestelde bestuurder by Wayne Vervaardigers. Hy het sy werknemers versoek om insette te lewer oor hoe hulle WV se produksiekoste kan verminder. Samuel pas ook maklik sy bestuurstyl aan in reaksie op enige veranderende situasie. |

4.3.1 Identifiseer die leierskapstyl wat Samuel gebruik het. Motiveer jou antwoord deur aan te haal vanuit die scenario hierbo. (3)

4.3.2 Bespreek TWEE situasies waarin die leierskapstyl wat in VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is, in die werkplek toegepas kan word. (4)

4.4 Evalueer die impak van uitdeelstukke as 'n visuele hulpmiddel. (6)

### BESIGHEIDSROLLE

4.5 Noem DRIE King-kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur. (3)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **TROFEE ONDERNEMING (TO)** |
|---|
| Crystal, die spanleier by Trofee Onderneming is vasbeslote om die negatiwiteitsvlakke onder haar verkoopspan te verminder. Die spanlede kritiseer voortdurend mekaar se idees, wat hul vordering vertraag. |

4.6.1 Identifiseer die stadium van spanontwikkeling wat die verkoopspan ervaar. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

4.6.2 Stel maniere voor oor hoe besighede konflik in die werkplek kan hanteer. (4)

4.7 Onderskei tussen *professionele gedrag* en *etiese gedrag*. (4)

4.8 Beveel maniere aan waarop besighede die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek kan beskerm. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING C

Beantwoord slegs **EEN** vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGINGSEKURITEITE, AANBIEDING EN DATARESPONS)

| |
|---|
| Beleggers het ‘n reeks beleggingsgeleenthede om van te kies, bv. gewone- en voorkeuraandele. Hulle moet die verskillende faktore in ag neem wanneer hulle beleggingsbesluite neem. Aanbiedings help die onderneming om sy idees te kommuninikeer en daarom moet aanbieders die faktore en terugvoer wat hull aanbieding kan beïnvloed, noukeurig oorweeg. |

Skryf ’n opstel oor beleggingsekuriteite, aanbieding en datarespons waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Brei kortliks uit oor die verskille tussen gewone- en voorkeuraandele.
- Bespreek die volgende faktore wat in ag geneem moet word wanneer ’n beleggingsbesluit geneem word:
  - Risiko
  - Belasting
- Verduidelik die faktore wat ’n aanbieder moet oorweeg tydens ’n aanbieding.
- Beveel maniere aan waarop ’n aanbieder sy/haar volgende aanbieding kan verbeter. (40)

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE, INKLUSIWITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES)

| |
|---|
| Daar word van ondernemings verwag om die ekonomiese regte en veiligheid van hul werknemers in die werkplek te respekteer. Die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers speel ’n belangrike rol in die beskerming van die werkplekomgewing. Nakoming van menseregte stel besighede in staat om diversiteit in die werkplek te hanteer. |

Skryf ’n opstel oor menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Brei kortliks uit oor die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
- Bespreek die rolle van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die beskerming van die werkplekomgewing.
- Verduidelik hoe besighede die volgende diversiteitskwessies in die werkplek kan hanteer:
  - Geslag
  - Gestremdheid
- Adviseer besighede oor die voordele van diversiteit in die werkplek. (40)

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG

Einde van dokument